



Stigtingsjaar 1909

Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Is jy 'n nagraadse student in die natuurwetenskappe???

Op 25 en 26 Oktober 2018 het jy die geleentheid om jou navorsingsresultate in 'n interdisiplinêre omgewing in **Afrikaans** aan te bied.

Agtiende Jaarlikse Studentesimposium in die Natuurwetenskappe (SA Akademie-gebou, Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria)



Besoek www.studentesimposium.org om te registreer en maak ook 'n draai by "Studentesimposium in die Natuurwetenskappe" op Facebook

Die 2018-Studentesimposium in die Natuurwetenskappe van *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* word vanjaar by die SA Akademie se nuwe gebouekompleks in Arcadia, Pretoria aangebied.

Die simposium is op alle vakgebiede in die natuurwetenskappe gerig en sluit ook die onderrig en leer van dié vakgebiede asook toepassings van die natuurwetenskappe in die ingenieurswese in. Vanaf 2017 dek die simposium ook die biologiese wetenskappe.

Studente wat 'n referaat wil lewer of 'n plakkaataanbieding wil doen, asook alle voornemende simposiumgangers, moet asseblief op die simposiumwebwerf (www.studentesimposium.org) registreer. Opsommings kan ook op hierdie webwerf gelaai word. Minimale registrasiegeelde is betaalbaar.

Aanbiedings word beoordeel, aantreklike pryse is op die spel en 'n seleksie van uitgebreide opsommings word in die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie gepubliseer. Finansiële hulp is beskikbaar vir studente wat ver moet reis om die simposium by te woon. Meer inligting hieroor is op die simposiumwebwerf beskikbaar.

Sluitingsdatums: Vir studente wat aanbiedings gaan doen – 7 September 2018; Vir simposiumgangers – 15 Oktober 2018.

Navrae: Dr. Linda Brink (SA Akademie-kantoor): linda@akademie.co.za
Prof. Rudi Pretorius (SA Akademie/ Unisa): pretorw@unisa.ac.za